Sakpasbidbeertjiepatroon

Brei net regs - 18st. - 3'2 pen. (ou 10) Voet. 4 rye, 2 riffies) donker wol. Bene. - 10 riffies - gekleurde wol. + 2 van voet = 12riffies - Brei bene appart en vou been dubbeld.

Heup: Skuif 9 steke van een been op ‘n naald en 9 steke van ander been vir heupe en brei dan weer 3 riffies (6 rye) oor 18 ste voor en agter.

Lyf: Ander kleur: Brei 9 riffies (18 rye) vir voorpant en agterpant.

Kop: Heg velkleur bv. beige vermeerder met 1 steek tot 19 steke en brei 7 cm koussteek vir voorkop. Brei agterkop – net regs. Sit breispeld se ste op pen en brei albei penne se ste af op I pen en heg af. Werk kopnate vas en vorm ore.

Arms: Tel 15 ste op vir arms (7 van voorlyf, 1 by kop en 7 van agterlyf) en brei 10 riffies vir arm waarvan die laaste 2 (hande) is. Werk bene se binnenate vas - stop lyfie en werk alle nate vas. Ryg gesigkleur wol rondom nek en trek styf vir nek.